

## METODOLOGIENOMMER

Artikels in hierdie uitgawe het ontstaan uit 'n indringende behoefte by beoefenaars van die algemene en besondere literatuurwetenskappe om te besin oor die metodes wat hulle aanwend, en om kennis oor wetenskaplike metode, wat steeds in die brandpunt bly, uit te ruil en uit te brei; kortweg om die moontlikhede van wetenskaplike gesprek op die gebied van die literatuurstudie te benut. As sodanig word hiermee die resultaat van toegespitsde besigheids met die metode van literatuur-, in die besonder poësieondersoek, aangebied. Geruime tyd gelede is die gesprek op simposiumvlak by opeenvolgende byeenkomste van die Studiegroep Letterkunde, arm van die Vakgroep Tale aan die PU vir CHO, gevoer. Die ondersoektema is soos volg geformuleer:

*Literatuurwetenskaplike metode as resultaat van 'n bepaalde wetenskapsmodel en objeks-, d.w.s. literatuurbeskouing.*

Alhoewel die doel van die gesprek teoreties van aard was, is nogtans van een sentrale teks gebruik gemaak, sodat metodes tot by die toepassing daarvan vergelyk kan word. Die tekskeuse het op die enkele gedig "Droogte" van Leon Strydom gevval. Dat hierdie teks so'n bespreking kon 'dra', is 'n unieke illustrasie van die rykdom en kunsgehalte daarvan.

Dit is nie beleid by LITERATOR om artikels wat vir publikasie voorgelê word, met kommentaar te plaas nie. In hierdie geval is vooraf op so 'n werkwyse besluit, die deelnemers het daartoe ingestem, en die kommentare is, soos uit die opset van hierdie nommer blyk, aan referente voorgelê vir kommentaar. Hoewel verdere kommentaar op kommentaar eintlik ook wel nodig was, is die gesprek vir die doel van hierdie publikasie (voorlopig) hier afgesluit, met die gedagte dat dit nog weer op 'n ander vlak en met ander deelnemers oor ander teorieë en metodes en ander genres en tekste voortgesit kan word.

Prof. Ina Gräbe, wat tans ALW in die Departement Linguistiek aan UNISA behartig, het onder andere onder prof. Tanya Reinhart in Tel Aviv gestudeer, en onder prof. T.T. Cloete aan die PU vir CHO gepromoveer.

Dr. G.F.T. Kuschke, tans senior lektrise, het onder andere aan die Institute for Christian studies in Toronto onder prof. Calvin Seerveld gestudeer, en aan die Universiteit Witwatersrand onder proff. Reingard Nethersole en D.H. Steenberg gepromoveer.

Jan Swanepoel, reeds digter van twee digbundels, het hom, afgesien van M-studie oor Vergilius, toegelê op die studie van Wetenskapsleer in die

**Departement Filosofie aan die PU vir CHO.**

In hierdie gespreksuitgawe verwys die onderskeie deelnemers slegs by wyse van outeursnaam en bladsynonieme na mekaar se stukke.

**Redaksie**